# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

**R0,30** Dinsdag 15 Julie 1986 WINDHOEK Tuesday 15 July 1986 No. 5231

INHOUD:

*Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**

No. 136 Verandering van nommer van 'n gedeelte van distrikspad 212: Distrik Karasburg 1

No. 137 Proklamering van 'n plaaspad: Distrik Otjiwarongo 2

No. 138 Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Buitestedelike gebied Kalkfeld: Wysiging van Inboorlinglokasieregulasies 3

**ALGEMENE KENNISGEWINGS**

No. 62 Munisipaliteit Karasburg: Wysiging van Personeelregulasies 3

No. 63 Stad Windhoek: Permanente sluiting van gedeelte 1 van Openbare Oop Ruimte erf 816 Katutura 4

No. 64 Skuld van die Sentrale Inkomstefonds 5

CONTENTS:

*Page*

**GOVERNMENT NOTICES**

No. 136 Change of number of a portion of district road 212: District of Karasburg 1

No. 137 Proclamation of a farm road: District of Otjiwarongo 2

No. 138 Peri-Urban Development Board: Peri-Urban Area of Kalkfeld: Amendment of Native Location Regulations 3

**GENERAL NOTICES**

No. 62 Municipality of Karasburg: Amendment of Staff Regulations 3

No. 63 City of Windhoek: Permanent closing of portion 1 of Public Open Space erf 816 Katutura 4

No. 64 Debt of the Central Revenue Fund. 5

## Goewermentskennisgewings

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 136 1986

VERANDERING VAN NOMMER VAN 'N GEDEELTE VAN DISTRIKSPAD 212: DISTRIK KARASBURG

Hierby word vir algemene inligting bekend gemaak dat die nommer van die gedeelte van dis-

## Government Notices

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 136 1986

CHANGE OF NUMBER OF A PORTION OF DISTRICT ROAD 212: DISTRICT OF KARASBURG

It is hereby made known for general information that the number of the portion of district

trikspad 212 wat in die Bylae beskryf en deur die simbole A-B op sketskaart P1319 aangetoon word, verander is na 243.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1319) op distrikspad 212 op staatsgrond algemeen wessuidweswaarts en al meer weswaarts oor genoemde staatsgrond tot op 'n punt (B op sketskaart P1319) op genoemde staatsgrond.

road 212 described in the Schedule and shown on sketch-map P1319 by the symbols A-B, has been changed to 243.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1319) on district road 212 on state land generally west-southwestwards and more and more westwards across the said state land to a point (B on sketch-map P1319) on the said state land.

---

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 137 1986

PROKLAMERING VAN 'N PLAASPAD: DISTRIK OTJIWARONGO

Hierby word -

(a) ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), bekend gemaak dat die Kabinet kragtens artikel 22(1)(b) van genoemde Ordonnansie, in die distrik Otjiwarongo, die pad wat in die Bylae beskryf en deur die simbole C-D-E-E1 op sketskaart P1262 aangetoon word, tot geproklameerde pad verklaar het; en

(b) ingevolge artikel 23(3) van genoemde Ordonnansie bekend gemaak dat die Kabinet kragtens artikel 23(1)(d) van genoemde Ordonnansie die in paragraaf (a) bedoelde pad tot plaaspad (nommer 2487) verklaar het.

Genoemde sketskaart is te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

BYLAE

Van 'n punt (C op sketskaart P1262) op die plaas Gross Ozombutu 124 algemeen suidsuidweswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (D op sketskaart P1262) op genoemde plaas; van daar algemeen suidooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (E op sketskaart P1262) op genoemde

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 137 1986

PROCLAMATION OF A FARM ROAD: DISTRICT OF OTJIWARONGO

It is hereby made known -

(a) in terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), that the Cabinet has under section 22(1)(b) of the said Ordinance, in the district of Otjiwarongo, declared the road described in the Schedule and shown on sketch-map P1262 by the symbols C-D-E-E1, to be a proclaimed road; and

(b) in terms of section 23(3) of the said Ordinance that the Cabinet has under section 23(1)(d) of the said Ordinance declared the road referred to in paragraph (a) to be a farm road (number 2487).

The said sketch-map shall at all times lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

SCHEDULE

From a point (C on sketch-map P1262) on the farm Gross Ozombutu 124 generally south-southwestwards across the said farm to a point (D on sketch-map P1262) on the said farm; thence generally south-eastwards across the said farm to a point (E on sketch-map P1262) on the said

plaas; van daar algemeen suidwaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (El op sketskaart P1262) op distrikspad 2483 op genoemde plaas.

farm; thence generally southwards across the said farm to a point (El on sketch-map P1262) on district road 2483 on the said farm.

---

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. 138 1986

RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING: BUITESTEDELIKE GEBIED KALKFELD: WYSIGING VAN INBOORLINGLOKASIEREGULASIES

Die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling het kragtens artikel 32(2) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951 (Proklamasie 56 van 1951) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 4 van 1966, soos gewysig, met ingang van 1 April 1986 verder gewysig deur in item 4 van Bylae V die bedrae "R0,41", "R3,20" en "R2,70" deur onderskeidelik die bedrae "R0,42", "R3,80" en "R2,95" te vervang.

Genoemde wysiging is deur die Kabinet goedgekeur kragtens artikel 32(4) van genoemde Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951.

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. 138 1986

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD: PERI-URBAN AREA OF KALKFELD: AMENDMENT OF NATIVE LOCATION REGULATIONS

The Peri-Urban Development Board has under section 32(2) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951), with effect from 1 April 1986, further amended the regulations promulgated under Government Notice 4 of 1966, as amended, by the substitution in item 4 of Schedule V for the amounts "R0,41", "R3,20" and "R2,70" of the amounts "R0,42", "R3,80" and "R2,95", respectively.

The said amendments have been approved by the Cabinet under section 32(4) of the said Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951.

---

# Algemene Kennisgewings

No. 62 1986

MUNISIPALITEIT KARASBURG
WYSIGING VAN PERSONEELREGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit Karasburg het kragtens artikel 244(5) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die Modelpersoneelregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 119 van 1969 en op genoemde Munisipaliteit van toepassing gemaak by Goewermentskennisgewing 30 van 1970, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

# General Notices

No. 62 1986

MUNICIPALITY OF KARASBURG
AMENDMENT OF STAFF REGULATIONS

The council of the Municipality of Karasburg has under section 244(5) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the Model Staff Regulations promulgated under Government Notice 119 of 1969 and applied to the said Municipality by Government Notice 30 of 1970, as amended, as set out in the Schedule.

Genoemde wysiging is deur die Kabinet goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

BYLAE

Regulasie 32(1) word hierby gewysig deur die skaal van toelaes deur die volgende skaal te vervang:

| "Enjinslagvolume | Sent per kilometer |
|---|---|
| Tot en met 1550 $cm^3$ | 27 |
| 1551 tot 2500 $cm^3$ | 31 |
| 2501 tot 3500 $cm^3$ | 35 |
| 3501 tot 5000 $cm^3$ | 40 |
| Bo 5000 $cm^3$ | 42." |

The said amendment has been approved by the Cabinet under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

SCHEDULE

Regulation 32(1) is hereby amended by the substitution for the scale of allowances of the following scale:

| "Engine swept volume | Cents per kilometre |
|---|---|
| Up to and including 1550 $cm^3$ | 27 |
| 1551 to 2500 $cm^3$ | 31 |
| 2501 to 3500 $cm^3$ | 35 |
| 3501 to 5000 $cm^3$ | 40 |
| Above 5000 $cm^3$ | 42" |

---

STAD WINDHOEK

No. 63 1986

PERMANENTE SLUITING VAN GEDEELTE 1 VAN OPENBARE OOP RUIMTE ERF 816 KATUTURA

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie nr. 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Windhoek van voorneme is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op plan P1/1755/A wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 709, Stadhuis, Kaiserstraat, ter insae lê, permanent te sluit:

Gedeelte 1 van Openbare Oop Ruimte Katutura Erf 816.

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Artikel 193(3) van bogemelde Ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Burgerlike Beskerming, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 59, Windhoek, bestel word.

W J KOTZÉ
STADSKLERK

CITY OF WINDHOEK

No. 63 1986

PERMANENT CLOSING OF PORTION 1 OF PUBLIC OPEN SPACE ERF 816 KATUTURA

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance no 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Windhoek proposes to close permanently, the undermentioned portions as indicated on plan P/1755/A which lies for inspection during office hours at the office of the Town Planner, Room 709, Municipal Offices, Kaiser Street:

Portion 1 of Erf 816, Katutura — Public Open Space

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Authorities and Civil Defence, Private Bag 13289, and the Town Clerk, P O Box 59, Windhoek, within 30 days after the appearance of this notice.

W J KOTZÉ
TOWN CLERK

---

No. 64 1986

## SKULD VAN DIE SENTRALE INKOMSTEFONDS/ DEBT OF THE CENTRAL REVENUE FUND

Staat van skuld wat later 'n las teen die Sentrale Inkomstefons sal uitmaak/

Statement of debt which would later constitute a charge to the Central Revenue Fund

| AARD VAN SKULD/ NATURE OF DEBT | SKULD OP/ DEBT AT 1986-03-31 | SKULD OP/ DEBT AT 1986-06-30 |
|---|---|---|
| | R | R |
| Buitelandse lenings - Foreign loans | 198 659 770 | 195 782 865 |
| Effektelenings - Stock loans | 613 584 400 | 613 584 400 |
| Ander lenings - Other loans | 28 074 246 | 28 000 000 |
| Totaal - Total | 840 318 416 | 837 367 265 |

Onderhewig aan ouditering / Subject to auditing.

Departement van Finansies
Department of Finance
Windhoek

Gedruk deur en verkrygbaar by
SWAPERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
SWAPERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa